e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

5 Februarie 2009
Jaargang 2 – Uitgawe 1

Toe Hy hulle voete klaar gewas het, sê Hy vir hulle:
"Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?"
Uit Johannes 13: 12

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer*

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

Stuur 'n e-pos aan die redaksie: **epos@hervormer.co.za** of vir nuus en berigte: **nuus@hervormer.co.za** of besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie.

VOORBLAD

Die visie van die NHKA

Sentraal op ons Kerk se amptelike webblad staan die volgende sin as formulering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika se visie: *Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld.* Onderaan die tuisblad staan dieselfde sin – dié keer langs ons Kerkwapen.

U sal oplet dat dié visie van hierdie week af ook prominent in die *e-Hervormer* verskyn. Die *e-Hervormer* is nou net mooi 'n jaar oud, en die redaksie het besluit om dit met 'n nuwe ontwerp te vier – 'n ontwerp wat ook daartoe wil bydra dat elke leser bewus sal wees van die kernwaardes van die Kerk.

Die visie op die Kerk se webblad, en nou ook in die *e-Hervormer*, is egter nog nooit amptelik deur 'n Algemene Kerkvergadering (AKV) aanvaar nie. Dit is in Maart 2005 so deur 'n vorige Kommissie van die AKV geformuleer, sekerlik met die bedoeling dat dit vir ons hele Kerk die fokuspunt sal wees. Maar as dit nie amptelik so aanvaar is nie, kan ons nie met sekerheid sê dat dit wel die geval is nie. Dan weet ons ook nie hoeveel Hervormers van die Kerk se visie bewus is nie! En ons kan maar net raai hoeveel lidmate, gemeentes en liggame in die Kerk daardie visie bewustelik voor oë het in hulle lewe en dienswerk.

Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld. Een sin. Kort, maar gelade. Is dit die beste formulering van die sentrale fokuspunt van ons Kerk se werk en lewe? Moet ons in ons Kerk se visie sê dit is ons "droom"? Moet ons nie meer spesifiek wees nie – hoe bied geloof in Jesus Christus hoop vir die wêreld?

Ek glo dit is in ons dag dringend noodsaaklik dat ons Kerk ondubbelsinnig aan die wêreld 'n antwoord moet gee oor die hoop wat in ons leef. Dít kan ons doen as ons almal konsekwent dieselfde visie voor oë het. Maar dan moet elke lidmaat en ampsdraer die Kerk se visie bedink en dit hulle eie maak.

Ons wil u daarom uitnooi om saam te gesels oor die visie van ons Kerk. Maak daarvoor asseblief gebruik van die Gespreksforum op ons Kerk se webblad (**http://www.nhk.co.za/index.php?pageid=7878**) – teken aan en gee u mening oor ons Kerk se visie.

En leef daagliks as 'n gelowige wat getuig dat Christus u hoop gee.

Dr Wouter van Wyk
Sekretaris: SENTIK

Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk	**www.nhk.co.za**
Die Hervormer	**www.hervormer.co.za**
e-Hervormer	**www.hervormer.co.za/e-hervormer.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas.

Vakante standplaas

Gemeente Oudtshoorn beskik tans oor ’n vakante deeltydse standplaas. Die kerkraad wil graag van belangstellende predikante of emeriti hoor wat daar wil werk. Kontak die skriba, Antoinette Olivier, by 084 955 3106, of die konsulent, ds Ferdie Nortjé, by 044 871 2125 / 083 469 6862.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Ds Eksteen Botes van Gemeente Nelspruit vier op Sondag 8 Februarie sy 25ste ampsjubileum. Hy lei om 08:30 die erediens in die kerkgebou van die gemeente. Na die erediens sal boodskappe van gelukwense aan hom gerig word: deur dr Fanie Pretorius namens die Kommissie van die AKV; deur ds Riaan Botha namens die ringskommissie, en deur ds Gert McDonald, die medeleraar, namens die kerkraad en Gemeente Nelspruit. Ds Botes is op 29 Januarie 1984 georden en het voorheen die gemeentes Glencoe, Malelane-kombinasie en Malelane bedien. Hy werk sedert 2000 in Nelspruit. Hy het in verskeie ringskommissies gedien en het veral as voorsitter van die ring van Lydenburg waardevolle werk gelewer. Hy is ook bekend vir sy bediening in Afrika. Tydens sy bediening in Malelane het hy begin met pionierswerk rondom die bediening in Zambië en het selfs gaan soek na lidmate. Hy was soms vir weke sonder taal of tyding daar om die werk ten behoewe van die Kerk te doen. Hy het ook reeds verskeie kere in Angola, Zimbabwe en ander Afrika-state gewerk.

Ds Gert (GC) van Staden vier op Sondag 1 Maart sy 60ste bedieningsjaar as predikant. Hy lei die oggend die erediens in sy tuisgemeente Pretoria-Oos.

Ander predikante wat vanjaar 60 jaar in die bediening is en wat die geleentheid in die loop van die jaar sal vier, is **ds Dirk du Toit**, verbonde aan Gemeente Alberton-Wes, **ds Makwas van Niekerk**, verbonde aan Gemeente Premiermyn, en **ds Gert van Jaarsveld**, verbonde aan Gemeente Middelburg. **Dr Paul Geertsema** en **ds Stoffel Botha**, wat deel was van die groep, is reeds oorlede. Ds Van Niekerk, wat sy ampsjubileum op 22 Maart vier, het die sig in sy een oog verloor en die ander oog het slegs ’n geringe persentasie sig. Sy gesondheid is egter goed en hy is nog voluit met boerdery besig.

Dr en mev Gerrie Bloem, wat hulle na hulle aftrede in Stilfontein gevestig het, het dadelik betrokke geraak by Gemeente Vredefort as pastorale hulp. Die gemeente, wat nou deel is van die ring van Potchefstroom, is nie finansieel sterk genoeg om ’n predikant te beroep nie en maak tydelik van die dienste van dr Bloem gebruik met die toestemming van die Kommissie van die AKV.

Ds Louis Steyn, emerituspredikant wat tans pastorale werk in Gemeente Cradock verrig, het in Desember 2008 weer in die huwelik getree. Dr Johan Otto, ’n vriend van ds Steyn, het die huweliksbevestiging waargeneem.

Dr Christo van der Merwe, voorsitter van die Taakspan, het pas ’n bondige werkstuk oor **brugpredikante** geskryf onder die opskrif: *Brugpredikant, pastorale hulp, konsulentswerk?* Die werkstuk sal op die webblad verskyn en ook aan ouderlingevergaderings gestuur word. Daar bestaan tans heelwat verwarring oor die bedoeling en werk van brugpredikante.

Ds Deon du Toit van Gemeente Verwoerdburg het die MTh-graad verwerf in Dogmatiek en Christelike Etiek. Sy studieleier was prof Johan Buitendag, en die tema van sy verhandeling was *’n Verstaansraamwerk vir die intelligente ontwerp argument aan die hand van Aristoteles se kousaliteitsteorie.*

Die Kommissie van die AKV behandel by sy buitengewone vergadering op 5 Februarie die finale stadium van die aansoeke van **Jan Claassen** en **Guillaume Rocher**, twee voormalige predikante van die Kerk, om hertoelating tot die evangeliebediening. Hulle sal waarskynlik verwys word na die Proponentseksamenkommissie vir die proponentseksamen en by die Maartvergadering van die Kommissie toegelaat word tot die evangeliebediening.

Die volgende **predikante verjaar tot 11 Februarie** en word van harte gelukgewens:

- 6 Februarie: Di Andorette Greyling, Johan Holtzhauzen en Sarel le Roux.
- 8 Februarie: Ds Jakkals van Rensburg.
- 9 Februarie: Di Lydia Miller, Freddie Nortjé en Ferdie Nortjé.
- 10 Februarie: Prof Schalk Botha en di Dalene Lourens en Jaco Vogel.
- 11 Februarie: Ds Marius van Vuren

Die **finalejaarstudente van 2008**, Marna Venter en Willem Dykema, begin op Maandag 9 Februarie met hulle finale praktiese toerusting. Die toerustingskursus strek oor twee weke. Naas die hoof van die HTK, prof Theuns Dreyer, is drr Barry van Wyk en Wilhelm Coetzer, mnr Kobus Viljoen (administrateur), mev Marita Fourie (voorsitter van die NHSV) en mnr Nándor Sarkady (argivaris) ook by die toerusting betrokke.

Die vakante gemeente **Noordrand** is steeds besig met strategiese beplanning oor sy toekomstige bediening. **Ds Leon Nell** staan die gemeente tans pastoraal by. Binne die volgende drie maande sal die gemeente moet besluit oor sy toekomstige bearbeiding.

Ds Nell laat weet intussen dat daar op Saterdag 17 Januarie 'n informele gemeentevergadering in **Gemeente Noordrand** gehou is, en dat hulle 'n uitstekende opkoms gehad het. Tydens die vergadering is negatiewe faktore wat die gemeente se toekoms kan raak deeglik onder die loep geneem. Die aanwesiges het eenparig besluit dat die gemeente wil voortbestaan, en dat met nuwe ywer gewerk sal word om vir die gebied waarin hy bestaan, die weg na Christus aan te dui. Hulle sal so gou moontlik wil beroep, en daarom sal nie net die bestaande lidmate tot groter meelewing aangespoor word nie, maar sal ook werklik missionêr na die omgewing uitgereik word.

Op die foto in die volledige weergawe van die *e-Hervormer* is ds Nell saam met die kerkraad in die konsistorie na afloop van 'n erediens.

Ds André Strauss van **Gemeente Noordelike Pretoria**, 'n lid van die kerkraad en die ringskommissie van Noordelike Pretoria het op Dinsdag 3 Februarie met die Taakspan gesprek gevoer oor die toekomstige bearbeiding van die gemeente. Ds Strauss het met lugfoto's aangetoon hoe die woongebiede binne die grense van die gemeente stelselmatig ingeneem is deur ligte nywerhede en besighede. Die lidmatetal van die gemeente daal geleidelik omdat verhuisings gereeld plaasvind. Die kerkraad en ringskommissie beoog intensiewe beplanning met die oog op die voortbestaan van die gemeente en die mees effektiewe bearbeiding. Talle gemeentes van die Kerk beleef dieselfde omstandighede en is in die proses van beplanning.

Die vakante gemeente **Joachim Prinsloo** maak tydens sy beplanningsperiode oor sy toekomstige voortbestaan van die dienste van **ds Kalfie Loots** gebruik. Die gemeente sal in die nabye toekoms onder leiding van die ringskommissie besluite moet neem.

Die **Taakspan** bring dit graag weer onder die aandag van ouderlingevergaderings dat gemeentes besoek kan word net as daar deur die ringskommissie gewerk word. Die ringskommissie sal op sy beurt met die Kommissie van die AKV skakel, wat die opdrag aan die Taakspan sal deurgee. Ringskommissies word te alle tye by die werksaamhede van die Taakspan betrek.

Gemeente Oos-Moot sal vanaf Februarie 'n vakature vir 'n **orrelis** beskikbaar hê. Aansoeke met 'n volledige CV kan per e-pos gestuur word aan ds Stephan van Tonder by **stephanvt@gmail.com.** Skakel hom by 083 415 5677 vir meer inligting.

Gemeente Wonderboom het 'n vakature vir 'n **orrelis**. Aansoeke moet gerig word aan die skriba, Leon de Munnik, by Posbus 13599, Sinoville 0129 of wboom@nhk.co.za om hom te bereik teen 28 Februarie. Skakel die gemeentelike kerkkantoor by 012 567 3693, of mnr De Munnik by 012 567 4834, of ds Peet Esterhuizen by 012 567 6860 vir meer inligting.

Gemeente Springs-Oos, gestig op 9 September 1959, beplan tans die viering van hul 50ste bestaansjaar. Daar sal ook 'n gedenkblad verskyn, en oudlidmate wat moontlik oor foto's en ander inligting beskik, kan dit aan die gemeente deurgee. Kontak die sekretariële beampte, mev Marieta Perkins, by 011 362 4691 of **nhksoos@mwebbiz.co.za**. Lidmate moet asseblief die telefoonnommers van Gemeente Springs-Oos in die nuwe *Almanak*, op bladsy 118, wysig. Mev Perkins en die predikantsvrou, mev Adéle Roets, se nommers begin nie met 632 nie, maar wel met 362.

Gemeente Springs-Oos bied ook 'n ope hengelkompetisie aan op Saterdag 21 Februarie van 06:00 tot 16:30 te Leeuwpan (Bosmansfontein). Die inskrywingsgeld is R120 per persoon en daar is groot pryse te wen. Kontak Willie Rossouw by 083 630 8335 of Dawie Hepburn by 074 155 2879.

Gemeente Welgelegen-Pietersburg het 'n tweedehandse rooiletter **elektroniese liedjiebord** beskikbaar nadat hulle 'n elektroniese projektorstelsel geïnstalleer het. Dit is ideaal vir jong of klein gemeentes wat nie 'n projektorstelsel kan bekostig nie, en ook ideaal vir skole. Kontak George Marais by 083 300 0554 of 015 287 1251 (w).

Gemeente Nelspruit se vierde Maroelafees wat op Saterdag 31 Januarie sou plaasvind, word nou op **Saterdag 28 Februarie** aangebied op die kerkterrein in Belladonnastraat. Kontak Almarie van Rooyen by 083 465 7902 vir meer inligting.

ANDER NUUS

Dr Jan Oberholzer, reeds jare lank verbonde aan die Kinderhuise van die Kerk en ook ouderlinglid van die Kommissie van die AKV, het 'n angiogram ondergaan omdat hy die afgelope tyd hartprobleme ondervind. Voorbidding word vir hom en sy gesin gevra.

Daar word tans noodsaaklike instandhouding gedoen in die **Kerk se Argief** in die Dirk van der Hoffgebou. Gemeentes word versoek om **nie voor 2 Maart** enige argiefstukke na die Argief te bring nie, aangesien dit nie in hierdie stadium ontvang kan word nie. Dit sal ook waardeer word indien besoekers vooraf met die argivaris, mnr Nándor Sarkady, by 012 322 8885 in verbinding sal tree voordat hulle die Argief besoek.

Die **Kerkargief** benodig die dienste van 'n **deeltydse assistent** wat so spoedig moontlik kan diens aanvaar. Die pos vereis 15 uur diens per week, verkieslik in die middae. Die posbekleër moet argivalia in die Argiefbewaarplek asook die boeke in die Biblioteek fisies verskuif, en gebruikte argiefstukke afhaal en wegpak. Die argiefassistent moet ook voorwerpe in die Museumstoorruimte hanteer. Vanweë die fisieke eise wat die werk stel, sal die ideale kandidaat 'n man wees. Die kandidaat moet Afrikaans goed kan lees, selfstandig en verantwoordelik kan werk, en die vermoë hê om detail raak te sien sodat opdragte noukeurig afgehandel kan word. Die vergoeding is ongeveer R4 000 per maand (bruto, voor aftrekkings). Belangstellendes kan mnr Piet Beukes (Hoof: Menslike Hulpbronne) by **piet@nhk.co.za** kontak, of dr Wouter van Wyk (Sekretaris: SENTIK) by **wouter@nhk.co.za**. Albei kan telefonies gekontak word by 012 322 8885.

Die **evaluering van voornemende teologiestudente** vind elke jaar by die Universiteit van Pretoria plaas gedurende die Junie/Julie-skoolvakansie. Matrikulante en persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen vir evaluering om as student van die Kerk te studeer. Aansoekvorms kan aangevra word vanaf die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001; tel 012 420 5393, faks 012 420 4303; e-pos **betsie.brits@up.ac.za**. Die sluitingsdatum vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is 30 April.

Die nuwe **Diensboek** word op Sondag 15 Februarie feestelik in gebruik geneem. **'n Spesiale liturgie** vir gebruik by die geleentheid is reeds aan gemeentes gestuur. Navrae kan gerig word aan dr Elsabé Kloppers by **kerknuus@nhk.co.za**.

Die Ondersteuningsraad ondervind 'n groot behoefte aan **skoolbenodigdhede vir kinders**. Vanweë die swak ekonomiese toestande kan ouers nie meer self aan dié behoefte voldoen nie. Kontak Adri Bekker van Die Ondersteuningsraad by 012 325 2320 of 083 979 5517 as u kan help.

Die Ondersteuningsraad benodig dringend 'n persoon wat op **vrywillige** basis (as deel van sy/haar bydrae aan die Kerk) as **webmeester** die nodige verantwoordelikheid sal neem vir die instandhouding van hul nuwe webblad. Belangstellendes kan dr Charmaine Fourie kontak by 012 322 8885 of 071 684 7796, of per e-pos by **oraadpb@nhk.co.za**.

Die **Kommissie** van die AKV kom op 5, 19 en 20 Februarie byeen vir **buitengewone vergaderings**. Die gewone vergaderings vind op 5 en 6 Maart plaas. Daar sal vanjaar waarskynlik heelwat buitengewone vergaderings plaasvind, aangesien die voorbereidings vir die 69ste AKV reeds begin het.

Die volgende belangrike **vergaderings** vind tot 11 Februarie plaas:

Donderdag 5 Februarie
- Kommissie van die AKV (buitengewoon)
- Raad vir Pastoraat en Presbiteraat
- Komitee vir die Kerklied

Vrydag 6 Februarie
- Moderamen en lede van die Raad van Finansies: Finansiële Beplanning

Saterdag 7 Februarie
- Kommissie van die Algemene Diakensvergadering (ADV)

Maandag 9 Februarie
- Finansiële Komitee van Ons Tuis

Dinsdag 10 Februarie
- Direksie van to care
- NHSV Beurskomitee

Woensdag 11 Februarie
- Raad vir Regsadvies

Opening van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK)

Prof Theuns Dreyer, hoof van die HTK, het op Donderdag 29 Januarie die opening van die Kollege waargeneem. Die geleentheid in die kerkgebou van Gemeente Philadelphia is bygewoon deur die Kerk se teologiestudente,

dosente aan die Fakulteit Teologie, predikante en ander belangstellendes. Daar was ook ’n groep van 19 nuweling eerstejaarstudente teenwoordig – die grootste groep in ’n lang tyd.

Die **hoofrede** is gelewer deur **dr Christo van der Merwe** van Gemeente Kemptonpark-Oos, wat gepraat het oor *Missionale gemeentes*. Hy het beklemtoon dat ’n hartsverandering in die Hervormde Kerk nodig is, sodat elke lidmaat en gemeente persoonlik verantwoordelikheid sal aanvaar om van Jesus Christus te getuig. Dit gaan uiteindelik oor gehoorsaamheid aan die opdrag van die Here. Apostolaat (sendingwerk/getuienis) is nie die taak van ’n raad of komitee nie, maar ’n wesenskenmerk van die Kerk, en elke lidmaat moet in die wêreld van God se liefde teenoor hom of haar getuig. Elkeen van ons moet ’n verskil maak met wat ons is, waar ons ook al is.

Die verrigtinge is afgesluit toe die visedekaan van die Fakulteit Teologie, prof Johan Buitendag, pryse oorhandig het aan die vyfdejaarstudente wat besonder goed presteer het. Marius Kramer het die prys as beste student in Praktiese Teologie ontvang, en Elritia le Roux die Nico Prinsloo-prys vir die beste student in Ou Testament.

Die HTK, in samewerking met die Raad vir Apostolaat en die Komitee vir Missionale Gemeentes, bied van 2 tot 5 Maart ’n kursus in **Fasiliterende Leierskap** aan. Die kursus slyp leraars se leierskapsvaardighede met betrekking tot gemeente-ontwikkeling en die veranderingsprosesse wat daarmee gepaardgaan. So word hulle gehelp om die dinamika in hulle gemeentes beter te verstaan en kundiger te begelei. Die kursus word aangebied in samewerking met die Seed Educational Trust, en die aanbieders is dr Arnold Smit en ds Japie Coetzee. Dit vind plaas by die Good News Christian Convention Centre in Honeydew, Randburg. Belangstellendes kan in verbinding tree met die sekretaris vir apostolaat, **dr Wim Dreyer**, by 012 322 8885 of 082 859 6876.

Lesers word genooi om die **Kerk se webblad en Gespreksforum** te besoek, sodat hulle kan saampraat oor die volgende belangrike stukke wat op die webblad beskikbaar is:

- Skrifbeskouing en Skrifgesag.
- Die NHKA en WARC – ’n verslag van die Raad vir Ekumene, en ’n skrywe van die Skriba van die AKV.
- *Semper Reformanda* – ’n kort gespreksdokument oor ’n 21ste-eeuse kerkhervorming uit die Raad vir Apostolaat.
- *Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?* – hoofartikel van *Konteks* (Januarie/Februarie 2009) oor die wese van die kerk.

Daar is nou 1 045 amptelike intekenaars wat die *e-Hervormer* ontvang. Binne gemeentes kry baie ander lesers egter ook die nuusbrief onder oë. Onthou, dit is gratis, en die bedoeling is dat soveel moontlik lidmate weekliks eerstehands kennis moet kry van alles wat in die Hervormde Kerk gebeur. Besoek gerus *Die Hervormer* se webblad, **www.hervormer.co.za**, volg die skakel na *e-Hervormer,* en lees al die vorige uitgawes.

ADVERTENSIES

Die *e-Hervormer* plaas graag advertensies vir produkte of dienste wat ’n private individu of instansie teen betaling aanbied. Adverteerders moet asseblief op die volgende sake let:

- Dit bestaan uit teks alleen (geen grafika nie), en die redaksie behou die alleenreg voor om die uitleg van die advertensie te bepaal.
- Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann by **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 630 5153. Geen advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie.
- Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* verskyn elke Donderdag.
- Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. Daar kan ’n maksimum van drie agtereenvolgende plasings wees, of afgebroke een plasing per maand.
- Die koste is R100 per plasing, vir ’n maksimum van 50 woorde per advertensie.
- Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan:

  Raad van Finansies
  ABSA Bank
  Tjekrekening nommer 020-000-287
  Takkode 632-005
  Verwysing: SENTIK Ads

Reënboogmense

Die Januarie/Februarie 2009-uitgawe van *Die Hervormer* is nou beskikbaar. Dit is die laaste uitgawe waarvoor die uittredende redakteur, prof Piet Geyser, verantwoordelik was.

In sy voorbladartikel verwys die huidige subredakteur, dr Gerhard Lindeque, na al die onsekerhede wat ons tans beleef: die komende verkiesing, inflasie, stygende pryse, en woelinge op die internasionale front. Maar hy troos ons ook met die versekering dat die lewe 'n gawe is uit God se hand.

Mag God in hierdie jaar wat voorlê van ons reënboogmense maak. Mag ons as Kerk die boodskap van God se liefde vir die wêreld helder en duidelik uitstraal. Die Hervormer*, as een van die kerklike publikasies, sou graag deel daarvan wil wees. Mag elkeen van ons waar ons elke dag leef en werk 'n reënboog wees, lewende getuienis van mense wat God se liefde deur hulle laat skyn. Gaan uit die ark uit! Leef in die wêreld. Gebruik elke dag as 'n geleentheid om 'n reënboog te wees.*

Prof Theuns Dreyer, voorsitter van die Kommissie van die AKV, bring ook 'n boodskap vanuit die Kommissie, en vra: *Kom ons gryp in geloof die toekoms met albei hande – dit is tog immers God se toekoms!*

In sy afskeidsboodskap skryf prof Piet Geyser: *Baie sterkte aan dr Gerhard Lindeque wat hierdie taak en rol* (as redakteur) *oorneem. Hy het al op baie terreine getoon dat hy met liefde en bekwaamheid kan dien. Ons het ook as Kerk in 'n nuwe fase ingegaan met die hele saak van kommunikasie en die beeld van die Kerk. Daarom ook baie seën en sterkte aan dr Wouter van Wyk wat saam met dr Wian Kloppers en al die redakteurs hierdie koers moet help bepaal.*

Met ingang van die Maart 2009-uitgawe sal dr Lindeque die vaandel as redakteur oorneem.

*** *Die Hervormer* is teen R70 vir 11 uitgawes beskikbaar. Kontak mev Cecile Naudé by 012 322 8885 of **sentik@nhk.co.za** as u daarop wil inteken.

Redakteur: Prof Piet Geyser
Subredakteur: Dr Gerhard Lindeque
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Francis Coertse